
PINKSTER [2]

Hd 2:37-41 : Kardinaal belangrike evangeliseringsbeginsels

Nico van der Walt

OP DIE PINKSTERDAG word die groot belofte van die Ou Testament 'n werklikheid. Die verhoogde Here Jesus Christus ontvang van Sy Hemelse Vader die mandaat om die Heilige Gees uit te stort op die patetiese gemeentetjie wat Hy op aarde agtergelaat het. Een van die wat die Gees ontvang, is die apostel Petrus. Hy neem leiding en begin preek vir die skare wat daar saamdrom na aanleiding van die vreemde gebeure.

Dis 'n besondere preek – vol oortuigende krag. Dit bring dan mee dat talle vir die apostels kom vra wat hulle te doen staan. Petrus se antwoord is boordevol gewigtige betekenis. En dis na hierdie antwoord wat ons nou gaan kyk (Hd 2:37-41).¹

DIE EFFEK VAN PETRUS SE PREDIKING OP SY LUISTERAARS (37)

□ Daar is 'n dramatiese reaksie op Petrus se prediking. Vers 37 sê dat die hoorders "diep in die hart getref" is (OAV). Met hierdie beskrywing wil Lukas twee dinge tuisbring:

- Wat met die mense gebeur, is nie bloot iets oppervlakkigs nie. Dit vind in hulle *harte* plaas – in die sentrum van hulle persoonlikhede en oortuigings. Kennelik is dit 'n werk van die Heilige Gees, met ingrypende, egte en blywende effekte.

- Dit het gepaard gegaan met diep *belewinge*. Die werkwoord (Gr.

1. Vir die skryf van hierdie Herout is baie hulp verkry van John R.W. Stott, *The Message of Acts*, Inter-Varsity Press, 1990.

katanusso) is 'n samestelling van die woord "om te steek" plus 'n intensifierende voorvoegsel. Wat dus gebeur, is dat die Heilige Gees vir Petrus bekragtig om só te preek dat die waarheidsewangelie oor Christus dwarsdeur sy hoorders se harte steek. Dit deurpriem hulle harte – met hulle bekering tot gevolg.

□ Die Gees se innerlike oortuigingswerk laat die mense beseft dat hulle skuldig staan voor God. Vandaar hulle vraag oor wat hulle moet doen. Dat dit oor versoening met die Here gaan, is nie eksplisiet in hulle vraag nie, maar volg duidelik uit Petrus se antwoord.

PETRUS SE ANTWOORD (38-39)

'n Tweeledige bevel

□ Petrus gee 'n *dubbele opdrag*:

- *Die mense moet hulle bekeer.*

~ Die begrip (Gr. *metanouo*) dui ten diepste op 'n verandering van oortuiging. Dit impliseer 'n radikale paradigma-verskuiwing, 'n kopswaai, 'n nuwe bril waardeur gekyk word. Vantevore het ook Johannes die Doper (Mt 3:2) en die Here Jesus self (Mt 4:17) 'n oproep tot bekering gepreek. Kennelik het die apostels ook ná Pinkster dit as 'n integrale deel van evangelieverkondiging beskou (Hd 3:19; 8:22; 17:30; 20:21; 26:20).

~ Maar omdat ons nie anders kan as om volgens ons oortuigings te handel nie, kom Bybelse bekering

noodwendig tot uitdrukking in 'n lewensommekeer. Hierdie 180 grade omdraai het twee kante:

Negatief sal iemand wat hom of haar bekeer altyd *wegdraai van sonde af*. Daar sal dus 'n rugkeer wees op die vlees se aandrang, die wêreld se suigkragte en die Duiwel se verleidinge.

Positief sal so 'n persoon altyd *heendraai na Christus toe*. En dit het ten minste drie komponente: hy (of sy) sal homself vanuit sy geestelike bankrotskap algeheel aan Christus en Sy volmaakte middelaarswerk *toevertrou*; hy sal die beloftes wat God belowe aan almal wat in Sy Seun in vlug vir homself persoonlik *toe-eien*; hy sal homself enkelhartig en ongekwalifiseerd aan Christus persoonlik as Koning *toewy*.

~ Bybels gaan hierdie lewensommekeer ook gepaard met hartseer en verootmoediging oor jou sondemislukkings en -rebellie van die verlede. Dit is meer as net interessant dat *metanouo* amper konsekwent in die Septuaginta (die voor-Christelike Griekse vertaling van die Ou Testament) gebruik word om die Hebreeuse woord te vertaal wat beteken om jouself te vertrou.²

- *Die mense moet hulle laat doop.*

~ Vantevore het hulle Jesus Christus verwerp. Nou moet hulle hulself verneder deur hulle formeel, openlik en onomkeerbaar as dissipels aan Hom toe te wy.

~ Hulle moet hulle laat doop *in*

2. *Naham* in die Nifal-vorm.

die Naam van Jesus Christus. Wat beteken dit om in Sy Naam gedoop te word? Ten minste vier dinge: dit geskied in gehoorsaamheid aan Sy opdrag en dus op Sy gesag; dis 'n onderskrywing van Sy leer; dis 'n vertrouwe in Sy verdienste; dis 'n oorgawe aan Sy eise.

'n Tweeledige belofte

□ Vir diegene wat aan die dubbele opdrag gehoorsaam is, is daar 'n *dubbele belofte*: sondevergifenis en ontvangs van die Heilige Gees.

- Die voorsetsel wat in die OAV met "tot" (... vergewing van sondes) vertaal word (Gr. *eis*) beteken in hierdie konteks: met die oog op; met as gevolg.³ Basies dui die woord op beweging in iets in – min of meer ekwivalent aan die Engelse woord, *into*.

- Hierdie twee beloftes is gekoppel aan beide opdragte: bekering en doop. Nêrens suggereer die Nuwe Testament dat die bloot uiterlike ondergaan van die doopsakrament op sigself sondevergifenis en ontvangs van die Gees tot gevolg het nie. Maar net so min het ons die reg om aanspraak te maak op die beloftes as ons die doopopdrag geringskat. Die Bybel met Verklarende Aantekeninge⁴ stel dit so: "Die hoofverskil tussen die doop van Johannes, Hand. 18:25; 19:3, en dié van Pinkster was dat laasgenoemde

3. Robert Hanna, A Grammatical Aid to the Greek New Testament, Baker Book House, 1983, p.191.

4. 1959, Deel 3, p.326.

verbonde was aan die Naam van Jesus en die gawe van die Gees, wat in onlosmaaklike verband daarmee gestaan het (my kursivering). Johannes se doop was tot vergiffenis van sonde, maar het eintlik vooruitgewys na Christus, en het buite werking getree ná Jesus se openbare optrede en die instelling van Sy doop. Die Christelike doop volg op die geloof in Christus, 16:31, was verbonde aan Sy Naam, 2:38; 8:16, wat aangeroop is deur die dopeling, 22:16. Die aanroeping van Sy Naam beteken die aanvaarding van Hom as Here en Meester."

- Die "belofte" (OAV)⁵ is nie net vir die groep mense op wie die Heilige Gees geval het nie (39). Petrus doen besondere moeite om te beklemtoon dat dit 'n historiese en universele trefwydte het. Dit is vir ál sy luisteraars (wat aan die voorwaardes voldoen), en vir hulle "kinders" (komende geslagte deur die geskiedenis), en "vir almal wat daar ver is" (nie net Jode nie, maar ook vir die heidene).⁶ Die belofte geld dus *sonder onderskeid*. Maar dit geld nie *sonder*

5. Met sy enkelvoud wil Petrus dalk beklemtoon dat hy sondevergifenis en ontvangs van die Gees as 'n geïntegreerde eenheid beskou. Die een kom nie sonder die ander nie. Dis egter ook so dat daar meermale na die gawe van die Gees as "die belofte" verwys word (1:4; 2:33). Wanneer die Ou Testament vooruit gekyk het, het dit hierdie gawe van die Gees as die hart van die Messiaanse seëninge beskou. En so bevestig die Nuwe Testament dit dan ook.

6. Daar is soms na die heidene verwys as "diegene wat daar ver is" (Jes 49:1, 12; 57:19; Ef 2:13, 17).

uitsondering nie, want Petrus gaan onmiddellik voort met 'n uiters belangrike kwalifikasie: dit geld vir "almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep." En die roeping waarvan hy hier praat, is nie bloot die algemene roeping van die evangelie nie ("baie is geroep maar min is uitverkies"); dis die besondere, onweerstandbare en lewendmakende roeping wat die wedergeboorte tot gevolg het. So gebruik die Nuwe Testament meestal die begrip.

DIE HERE SE NUWE GEMEENSAP (40-41)

□ In v.40 sê Lukas dat bogenoemde nie al was wat Petrus gesê het nie. Hy het "nog baie ander woorde" gepraat – woorde van intense erns en aansporing (vgl. verskillende vertalings). En wat was die essensie van sy oproep? "Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit."

- Dis belangrik om raak te sien dat Petrus nie bloot pleit vir 'n simplistiese en individualistiese bekering – iets wat sommer gou-gou en stil-stil afgehandel word in die privaatheid van my eie wêreldjie nie.

Hy pleit vir 'n *emigrasie* vanuit die ou mensheid in Adam. Hy dring aan op 'n losmaak van en 'n rugkeer op die gevalle mensheid wat erg verbuig is ná die sondeval. Dis dus 'n oproep om te vlug vanuit die mensheid onder God se toorn.

Dit impliseer noodwendig die *immigrasie* in 'n ander mensheid in. [En laat ons onthou, voor God is daar net twee menshede – die ou mensheid in Adam, en die nuwe mensheid in Christus.] Onderwerping aan Koning

Jesus hou baie spesifiek ook in dat ek my toewy aan Sy volk – Sy ware bruidsgemeente.

□ Daar is 'n verstommende respons op Petrus se pleidooi (41). Drieduisend mense neem die evangelieboodskap aan. Hulle kom tot geloof, ondergaan 'n kopswaai, laat hulle doop, en voeg hulle by die Jerusalemse gemeente.

ENKELE GEVOLGTREKKINGS EN IMPLIKASIES

□ Elke ware prediker en gemeente begeer om dieselfde respons as Petrus op hulle uitdra van die evangelie te ervaar. Ons durf egter nie die uniekheid van die gebeurtenis miskyk nie. Nêrens in die res van die Nuwe Testament lees mens weer van sulke triomfe nie.

Sekerlik was daar herlewings in die kerkgeskiedenis waartydens evangeliedeurbrake plaasgevind het waarvan mens net kan droom. Maar nooit weer was daar iets vergelykbaar met Pinkster nie. Normaalweg het die voortgang van die evangelie moeisam en met baie volharding en lyding gepaard gegaan. Veel eerder het dit ooreengestem met die wel en weë wat mens in die sewe briewe van Op 2-3 aantref – waar die volheidsgetal, sewe, daarop sinspeel dat verskillende fasette van die universele kerk deur die eeue geskets word.

□ Die uniekheid van Pinkster beteken nie dat daar geen lesse vir ons in die Pinkstergebeure sit nie; intendeel. Afgesien van uiters belangrike

openbaringshistoriese perspektiewe⁷, moet Petrus se verkondiging en aanslag op die Pinksterdag in vele opsigte vir ons as normatiewe evangeliseringsriglyn dien.

Die fundamentele beginsel wat ons in Petrus se aanslag vind, is sy *Christus-gesentreerdheid*. Hy begin sy preek só (na sy inleiding en teks-aankondiging): "Israeliete, luister na hierdie woorde! *Jesus ...*" (22). Mens kan per definisie nie die evangelie preek as jy nie Christus preek nie. Hóé doen mens dit? In Hd 2 vind ons 'n vierledige struktuur wat vir ons van die grootste waarde is.

- *Eerstens skets Petrus die evangeliegebeure, veral Christus se kruisiging en opstanding.*

Hy verwys na Jesus se lewe en bediening (22), asook na Sy verhoging (33). En meermale het die apostels dit in hulle prediking gedek, asook Sy terugkeer as Regter. Maar soos klokslag konsentreer hulle op kruis en opstanding (23-24) – op sowel die gebeure se detail, as die reddende implikasies daarvan.

- *Tweedens beklemtoon Petrus die historiese feitlikheid en openbarings-historiese sentraliteit van Christus se kruis en opstanding.*

Hy beroep hom op 'n dubbele getuienis dat hierdie twee gebeure inderdaad plaasgevind het en van enorme betekenis is. Twee getuies laat die waarheid immers vasstaan.

Eerstens is daar die getuienis van *die Ou Testament*. Kruis en opstanding was

7. Verwys na die vorige Herout wat deeglik hieraan aandag gee.

vervulling van talle profesieë. Petrus beroep hom op Ps 16, Ps 110 en Joël 2 om die historisiteit en implikasies daarvan te bekragtig.

Tweedens is daar die getuienis van *die apostels*. Weer en weer sê Petrus: "ons is getuies" (Hd 2:32; 3:15; 5:32; 10:39-41). Tewens, die vermoë tot oog- en oorgetuienis was 'n noodsaaklike kwalifikasie vir apostelskap (1:21-22).

Ook óns moet die historiese feitlikheid en openbaringshistoriese sentraliteit van Christus se kruis en opstanding verkondig. Maar omdat ons nie oog- en oorgetuies is nie, is ons algeheel afhanklik van die apostels se getuienis – die Nuwe Testamentiese openbaring. Ons het eenvoudig geen vryheid om eie opinies te preek nie. Ons mag niks meer wees as net eggo's van die apostels nie. Prediking – alle prediking – is Woordverkondiging.

- *Derdens preek Petrus die goeie nuus van Koning Jesus se beloftes vir diegene wat enkelhartig na Hom toe kom.*

Die evangelie is goeie nuus, nie net oor wat Jesus gedoen het nie, maar ook oor wat Hy op grond daarvan bly doen en wat Hy uiteindelik nog gaan doen. Die Here belowe hier deur Petrus aan diegene wat in geloof na Hom toe kom *vergewing van sondes* (negatief, uitwissing van die sondaar se mislukkings en rebellie), asook *die gawe van die Heilige Gees* (positief, bekragtiging om godvrugtig te lewe). Saam stel hierdie twee gawes van Christus ons in staat om alles te doen en te wees wat nodig is.

~ Prakties is dit belangrik dat ons nie van die belofte van die Heilige Gees vergeet wanneer ons evangeliseer nie. Baie mense besef hulle nood aan vergiffenis, maar is bang om 'n oorgawe aan Christus se koningskap te maak, aangesien hulle hulself nie vertrou nie. "Ja", sal hulle sê, "ek kan nou so 'n oorgawe maak, maar binne dae sal ek weer pateties misluk. Nie alleen sal dit 'n bespotting van alles maak nie; dit sal my met soveel ontnugtering laat dat dit vir my nóg moeiliker in die toekoms sal wees om 'n Christen te word." Wat sulke mense egter moet weet, is dat die Here hulle nie aan hulself oorlaat as hulle na Hom toe vlug nie – Hy gee vir hulle die Heilige Gees as bekragtiging om in toewyding te volhard!

- *Vierdens spel Petrus Koning Jesus se evangelie-voorwaardes uit.*

Die Here verwerklik nie Sy gawes sonder ons betrokkenheid nie. Aan ons kant is 'n wilsbesluit en 'n handelingsrespons noodsaaklik. Innerlik dring Hy aan op verootmoediging en bekering. En uiterlik is daar die vereiste van die doop. En sáám is die twee dinge die uitdrukking van ons geloof – die geloof wat ons vanuit die ou mensheid onder God se toorn verplaas na die nuwe heilsgemeenskap van die Here Jesus Christus.

□ Bekering en doop het enorme implikasies. Dis die aanneem van 'n nuwe Koning, 'n nuwe volk, 'n nuwe burgerskap, 'n nuwe kultuur. Dis 'n besliste en ingrypende verplasing van lojaliteit, trou en toewyding. Dis om jou openlik te skaar by Jesus se dissipels.

Dit is om vanuit dit wat oud en korrup is (NIV), oor te gaan na dit wat nuut en in die proses van redding is (vgl. 2:47).

- Die doop is soos eedaflegging tydens naturalisasie. Dis 'n publieke en formele identifisering met Christus en met Sy gemeente.

Die dopeling moet dus weet dat hy of sy van daardie oomblik af 'n vreemdeling en 'n bywoner in hierdie wêreld is. Dis waarom dit 'n algemene en tipiese ervaring van gelowiges deur die eeue is: solank jy ongedoop is, word jy op 'n manier geduld, maar die oomblik as jy volgens Jesus se voorskrif formeel en publiek jou trou aan Hom bely en jou lojaliteit na Sy gemeente verplaas, bars verwerping en selfs vervolging in felheid los. Dis asof mense aanvoel dat jy voor die tyd nog op twee gedagtes hunker, nog nie die omdraaipunt verbygesteek het nie. Maar die oomblik as jy jou laat doop, weet hulle jy het die stuk niemandsland na die ander kant van die linies finaal oorgesteek.

☐ Op die Pinksterdag preek Petrus 'n viervoudige boodskap. Dit behels *twee gebeurtenisse* (Christus se dood en opstanding), soos bekragtig deur *twee getuies* (die profete en die apostels), op grond waarvan die Here *twee beloftes* maak (sondevergifenis en die gawe van die Heilige Gees), op voorwaarde dat ons *twee opdragte* gehoorsaam (bekering en doop).

- Ons het geen reg om hierdie viervoudige apostoliese evangelie te versnipper nie. Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. God se

heilsboodskap is 'n geïntegreerde eenheid en 'n geheel.

~ Ons durf nie *die kruis en die opstanding* van mekaar lossny nie. Sonder die eerste kon die laaste nie plaasvind nie; sonder die laaste was die eerste tevergeefs.

~ Ons durf nie *die Ou en die Nuwe Testamentiese getuienis* van mekaar lossny nie. Sonder die eerste is die laaste onveranker; sonder die laaste loop die eerste op niks uit nie.

~ O n s d u r f n i e *sondevergifenis en die gawe van die Heilige Gees* van mekaar lossny nie. Sonder die eerste is die laaste onmoontlik; sonder die laaste kan ons nie die voorregte van die eerste in besit neem nie.

~ Ons durf nie *bekering en doop* van mekaar lossny nie. Sonder die eerste is die laaste nie legitiem nie; sonder die laaste is die eerste nog nie voltooi nie.

- Ons mag nie 'n enkele komponent van die apostoliese proklamering oorboord gooi of selfs verwaarloos nie. Die ware evangelie – die volle raad van God – is 'n *historiese boodskap* (dit handel oor feitelike gebeure in die verlede); dis 'n *teologiese boodskap* (soos deur die héle Woord van God verduidelik); dis 'n *heilsboodskap* (dit dra die heerlikste beloftes van verlossing); dis 'n *gesagvolle boodskap* (dit vereis van ons enkelhartige en onvoorwaardelike gehoorsaamheid). 🙏

Die doel van **Antipas Herout** is om Bybelse lering in die vorm van kort, bevatlike studiestukke gratis beskikbaar te stel, ten einde begrip van en geloof in die Godgesentreerde beginsels van die Woord so wyd as moontlik te bevorder. Hierdie lewensbelangrike waarhede is kernagtig en uitnemend geformuleer in die groot belydenisskrifte wat ontspring het uit die sestiende-eeuse Reformasie en is gebaseer op die fundamentele geloofsvtrek-punte: *die Skrif alleen, genade alleen, Christus alleen, geloof alleen, die eer van God alleen.*

As u op ons poslys wil wees om verdere uitgawes van die Herout en ander van ons lektuur gratis te ontvang soos dit verskyn, stuur u naam en posadres aan ons verspreidings- en redaksionele adres
Antipas Herout, Posbus 12371, Queenswood, 0121; Tel & Faks : (012) 329 3012

Al ons lektuur, asook ander inligting, is beskikbaar op ons webwerf
<http://www.reformed.org.za>

UITGEWERS
Antipas Lektuur
Posbus 263435, Drie Riviere, 1935
Tel (016) 423 3639 of 423 3391; Faks (016) 429 3033

Nico van der Walt is 'n gemeentepastor en leraar in Pretoria. Hy onderskryf die histories-gerespekteerde en internasionaal-erkende 1689 Baptiste Belydenis - soos meeste reformatoriese (gereformeerde) Baptiste oor die wêreld.

☐

Dit staan enigeen vry om die inhoud van hierdie Herout met of sonder erkenning te gebruik. Die skrywer het immers self baie hulp by andere gekry. Hy glo dis 'n suiwer uiteensetting van Skrifopenbaring, en sy hartstog is om die waarheidsewangelie so wyd moontlik te versprei, nie om dit te kniehalter nie.

☐

Indien u waardering het vir die Herout, help ons asseblief om sy boodskap wyer uit te dra. Stel dit aan andere bekend, moedig hulle aan om in te teken, of stuur vir ons name en adresse van mense van wie u glo dat hulle die Herout sal waardeer. Ons stuur met graagte 'n eenmalige bekendstellingskopie aan diesulkes - waarop hulle dan kan reageer. Onthou net dat ons graag u naam as aanbeveler wil noem.